BETAALBARE GELDE EN FINANSIËLE REËLS 2018
INHOUDSOPGAWE

			BLADSY
1	**ALGEMENE BEPALINGS**		
	1.1	Wysiging van betaalbare gelde	2
	1.2	Studentenommer	2
	1.3	Kontrak- en finansiële aanspreeklikheid	2
	1.4	Verantwoordelikheid van ’n student en/of rekeningpligtige	3
	1.5	Amptelike adresse	3
	1.6	Vrywaring	4
2	**BETAALMETODES**		4
3	**BEDRAE BETAALBAAR**		
	3.1	Registrasiegeld	4 en 5
	3.2	Klasgeld	5
4	**BETAALBARE GELDE**		5 en 6
5	**BETALINGSVEREISTES**		
	5.1	Betalingsdatums	7
	5.2	Beursstudente en studies gefinansier deur lenings	7
	5.3	Alternatiewe betalingsmetode	7
	5.4	Studentegelde rekening	7
	5.5	Tweede semester registrasie	7
	5.6	Vroeë vereffeningskorting	7 en 8
6	**KREDIETBALANSE**		8
7	**GELDE BETAALBAAR IN GEVAL VAN KANSELLASIE/TERMINERING VAN STUDIES**		8 en 9
8	**AGTERSTALLIGE GELDE**		
	8.1	Algemene reëlings	9
	8.2	Remedies tot Aros se beskikking	9
9	**FINANSIËLE STEUN**		
	9.1	Akademiese merietebeurse	10 en 11
	9.2	Leierskap-, sport- en kuns en kultuur beurse	11
	9.3	Beurse vir fisiese gestremdheid	11
	9.4	Wees- en pleegbeurse	11
	9.5	Gesinsbeurse	11 en 12
	9.6	Personeelbeurse	12
	9.7	Aansoekproses en goedkeuring	12

1. ALGEMENE BEPALINGS

1.1 Wysiging van betaalbare gelde

Die Uitvoerende Komitee (UK) van Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies (AROS) behou die reg voor om, sonder kennisgewing, die vasgestelde klas- en ander gelde, asook die wyse waarop betaling moet geskied, te wysig.

1.2 Studentenommer

Elke toegelate student tot AROS ontvang ’n studentenommer en hierdie nommer moet op **alle** korrespondensie wat aan AROS gerig word, verskyn.

Hierdie studentenommer (8-syfers) is ook die verwysing wat gebruik moet word wanneer direkte bank- of elektroniese bankoorplasings in AROS se bankrekening vir betaling van ’n student se rekening gedoen word.

1.3 Kontrak en finansiële aanspreeklikheid

Alle studente moet jaarliks geregistreer wees soos bepaal in die Algemene Akademiese Reëls van AROS en die toepaslike bepalings van die Wet op Hoër Onderwys en alle studente wat sodanig geregistreer is, is aanspreeklik vir die volle klas- en ander gelde.

Die kontrak wat deel vorm van die aansoekvorm om toelating tot AROS wat deur die student en die rekeningpligtige onderteken is asook die daaropvolgende registrasiedokumente wat onderteken en ingehandig word, verbind die student en die rekeningpligtige, onder andere, tot betaling van die volle klas- en ander gelde soos deur AROS vir enige bepaalde jaar van registrasie vasgestel.

Die student en die rekeningpligtige se aanspreeklikheid vir die betaling van studie- en ander gelde word nie geraak of verminder deur die student en die rekeningpligtige se onkunde ten opsigte van die inhoud van hierdie dokument nie. Die bepalings van hierdie dokument word, wanneer die voormelde registrasiedokument onderteken en ingehandig word, deur middel van verwysing by die kontrak tussen AROS en die student en die rekeningpligtige geïnkorporeer.

Die student verleen verder ook toestemming dat sy persoonlike finansiële inligting, op versoek aan derde partye, deur AROS aan sodanige derde partye verskaf mag word. Derde partye beteken die student se ouers , beursgewers en finansiële instellings. Die betrokke derde party moet bewys lewer van sy/haar/hulle belang by die gevraagde inligting waarna AROS sal oordeel of die betrokke derde party op die inligting geregtig is. Die toestemming wat die student gee waarna hierbo verwys word, word kragtens die voorskrifte vervat in die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013, gegee. Die student kan hierdie toestemming te eniger tyd met skriftelike kennisgewing aan die Afdelingshoof: Finansies terugtrek by die adres soos onder klousule 1.5 hieronder.

Enige bedrag wat aan AROS van tyd tot tyd deur die student en die rekeningpligtige verskuldig en betaalbaar is ooreenkomstig AROS se finansiële reglement soos gepubliseer in die brosjure getiteld “Betaalbare Gelde en Finansiële Reëls”, sal vasgestel en bewys word deur middel van ’n rekeningstaat uitgereik en onderteken deur ’n gemagtigde amptenaar van AROS. So ’n rekeningstaat sal bindend wees op die student en die rekeningpligtige en sal dien as *prima facie*-bewys van die aanspreeklikheid van die student en die rekeningpligtige asook die omvang en verskuldigheid van sodanige bedrag deur die student en die rekeningpligtige aan AROS. Hierdie sertifikaat sal ook dien as *prima-facie*-bewys van die student en

die rekeningpligtige se aanspreeklikheid, verskuldigheid en omvang van die bedrag aan AROS verskuldig vir doeleindes van die verkryging van summiere vonnis, indien nodig.

Geen student sal toegelaat word om te registreer alvorens die vorige jaar of jare se finansiële verpligtinge teenoor AROS nie nagekom is nie. Indien 'n student en/of die rekeningpligtige onder skuldberading geplaas is, mag geen krediet van enige aard aan die student en/of die rekeningpligtige toegestaan word nie tot tyd en wyl die skuldberader bevestig dat alle uitstaande skuld ooreenkomstig die hofbevel vereffen is nie.

1.4 Verantwoordelikheid van 'n student en/of die rekeningpligtige

Die verantwoordelikheid vir die betaling van die klas- en ander gelde berus by die student en/of die rekeningpligtige, na gelang van die geval. Indien die student se studies deur 'n beurs of lening gefinansier word, moet die rekening onverwyld aan die beurs- of leninggewer vir betaling voorgelê word. **AROS is nie verantwoordelik daarvoor om rekeninge aan die beurs- of leninggewer te stuur nie en dit bly die student en/of die rekeningpligtige se verantwoordelikheid om toe te sien dat die beurs- of leninggewer die nodige betalings aan AROS maak.**

AROS aanvaar geen verantwoordelikheid vir foutiewe adresse, e-pos adresse of ontoereikende posdienste wat tot gevolg het dat rekeningstate wat versend word, verlore raak of nie afgelewer word nie.

Adres- en/of e-posadresveranderinge moet skriftelik per e-pos gedoen word by admin@aros.ac.za of persoonlik by Administrasie se kantoor in die Besembos-gebou.

Rekening- en e-posadresse word ook op alle aansoekvorms vasgelê en tydens registrasie bevestig.

Die feit dat 'n rekeningstaat nie ontvang is nie, word nie as verskoning aanvaar vir die versuim om AROS se gelde te betaal teen die betaalbare datums nie.

1.5 Amptelike adresse

Alle korrespondensie in verband met finansiële aangeleenthede moet gerig word aan:

Die Bestuurder: Operasionele Steundienste
AROS
Posbus 31120
TOTIUSDAL
0134

Navrae oor studenterekeninge en/of kwotasies vir studiegelde kan soos volg gerig word aan Afdeling: Finansies:

1.5.1 Persoonlik by die Besembos-gebou op die kampus te Dickensonlaan 1174, Waverley
1.5.2 Telefonies by 012 332 3227 (uitbreiding 122 of 179)
1.5.3 Per e-pos aan studenterekeninge@aros.ac.za of marissa.bakker@aros.ac.za

Hierdie dokument is ook beskikbaar by die volgende webadres: www.aros.ac.za

1.6 Vrywaring

Hierdie is die enigste en amptelike dokument ten opsigte van betaalbare gelde van AROS en alhoewel daar in die voorafgaande jaar verskeie prospektusse met betrekking tot betaalbare bedrae uitgereik is, sal die bedrae in hierdie dokument gebruik word om studenterekeninge saam te stel.

Alle gelde wat in hierdie dokument verskyn, word jaarliks aangepas en hoewel die inligting wat in hierdie dokument verskyn so noukeurig moontlik saamgestel is, aanvaar die Direksie en UK geen verantwoordelikheid vir foutiewe inligting wat hierin mag voorkom nie.

2. BETAALMETODES

Die volgende betalingsopsies is beskikbaar:

2.1 Kontant
2.2 Direkte bankoorplasings
2.3 Elektroniese oorplasings deur die internet
2.4 Krediet- / debietkaarte (Afdeling: Finansies Administrasiegebou (Besembos) op kampus
2.5 Tjeks (Moet gekruis, “Nie Oordraagbaar” gemerk word en aan die “AROS” betaalbaar gemaak word)
Indien ‘n bank die betaling van ‘n tjek weier, sal ‘n administrasiefooi van R200 teen die student se studentegelderekening gehef word en geen verdere tjeks ter betaling van sodanige student se gelde sal aanvaar word nie.

Vir direkte bankoorplasings en elektroniese oorplasings deur die internet geld die volgende bankbesonderhede:
Naam: AROS
Bank: Absa
Rekeningnommer: 407-653-0257 (tjekrekening)
Takkode: 632005
Verwysing: Student se studentenommer

3. BEDRAE BETAALBAAR

3.1 Registrasiegeld

Die registrasiegeld word gebruik om die registrasieproses te bedryf en alle studente moet die jaarlikse registrasiegeld betaal soos gelys onder paragraaf 4. Hierdie bedrag is nie terugbetaalbaar nie, kwalifiseer nie vir personeelafslag nie, kwalifiseer nie vir prestasiekorting nie en kan ook nie maandeliks afbetaal word nie. Registrasie na amptelike sperdatums, soos gekommunikeer, is onderhewig aan laat registrasiegelde soos gelys onder paragraaf 4. **Hierdie bedrag is nie terugbetaalbaar nie.**
Geen student sal toegelaat word om te registreer indien die registrasiegelde nie ten volle betaal is nie.
AROS prestasiebeurse kan nie aangewend word as betaling van die registrasiegeld nie.

3.2 Klasgeld

Diploma en voorgraadse klasgeld word bereken teen ’n tarief per module waarvoor die student registreer.

Die volledige lys van koste per module is beskikbaar op AROS se webwerf (www.aros.ac.za onder die naam “Koste per module”) en word geag deel van hierdie dokument te wees kragtens die leerstuk van inkorporasie deur verwysing.

Alle studente wat kwalifiseer vir die neem van bykomende modules asook studente wat besig is met die opvang van hulle studies kan, bo en behalwe die voorgeskrewe modules in die kurrikulum, met toestemming vanaf die Registrateur sodanige bykomende- en/of sleepmodules neem en betaal die normale tariewe wat vir sodanige modules gehef word.

Daar word van studente verwag om die graadkursus binne vier (4) jaar of binne ses (6) jaar te voltooi na gelang van keuse om die 4-jaar of 6-jaar program te doen. Diplomastudente moet die kursus binne drie (3) jaar voltooi. 'n Student sal toegelaat word om twee (2) jaar by te las tot die normale studietydperk teen betaling van geen ekstra vergoeding. Indien hierdie tydperk verder verleng moet word, dan sal 'n 30% "laatblyer" boeteheffing per module gehef word.

4. BETAALBARE GELDE

Beskrywing	Bedrag
Universities South Africa (USAf) aansoekgelde – Betaalbaar deur alle studente wat graad 12 geslaag het, maar nie vir graadstudies kwalifiseer nie. Aansoek moet by USAf gedoen word dat die student wel met graadstudies kan voortgaan onderhewig aan sekere voorwaardes*	R500.00

*Kosteverhaling. Slegs studente wat BEd in Grondslagfase studeer.

Beskrywing	Program	Bedrag
Registrasiegeld - Alle studente wat vir volle akademiese jaar registreer	O200P, O210P, O211P en O015P	R3 500.00
	O201P	R2 340.00
Registrasiegeld - Studente wat vir 3 modules of minder registreer	Alle programme	R1 000.00
Registrasiegeld – Studente wat slegs vir 2de semester registreer	Alle programme	R1 750.00
Akademiese rekords – Alle studente sal drie (3) uitdrukke van sy/haar volledige akademiese rekord ontvang, sonder betaling. As enige verdere uitdrukke verlang word, moet dit skriftelik by die Registrateur aangevra word. 'n Verdere drie (3) uitdrukke sal dan aan die student verskaf word teen betaling	Alle studente	R100.00
Basiese bevestiging van kwalifikasie en datum van graduering. Wanneer gepos of elektronies versend moet word, geskied dit sonder koste, maar as die student se akademiese rekords sodanige bevestiging moet vergesel, Sal dit gedoen word teen betaling	AROS graduandi	R50.00
Verklaring ter bevestiging dat graadsertifikate wel uitgereik is. 'n Aansoek moet skriftelik gedoen word. 'n Beëdigde verklaring, afgelê voor 'n kommissaris van ede, tot die effek dat die oorspronklike vernietig is of verlore geraak het, moet die aansoek vergesel	AROS graduandi	R100.00
Studente wat nie gradeplegtigheid bywoon nie. Koste verbonde aan versending van graadsertifikaat per koerier	AROS graduandi	Koerierkoste
Hereksamen gelde (nie siekte eksamen nie)	Kwalifiserende studente	R200.00 per vraestel
Hermerk van vraestel – Indien die hermerk tot gevolg het dat 'n student kwalifiseer vir 'n tweede eksamengeleentheid, of die	Studente wat daarvoor aansoek doen	R500.00 per vraestel

betrokke module slaag of tot gevolg het dat ’n student ’n onderskeiding verwerf, sal die gelde terugbetaal word		
Heruitreik van registrasiesertifikaat	Studente wat daarvoor aansoek doen	R100.00
Heruitreik van verlore USAf sertifikaat	Studente wat daarvoor aansoek doen	R200.00
Module erkenningsgelde – Studente kan op die voorgekrewe vorm aansoek doen vir erkenning van vorige leer	Studente wat daarvoor aansoek doen	R200.00
Sportkursus - Verpligtend om Onderwyspraktyk module te slaag - nie verpligtend om deur AROS te doen nie	Alle tweedejaar studente	Werklike koste van kursus
Sport en/of kultuurkursus en/of beradingskursus – Verpligtend om Onderwyspraktyk module te slaag - nie verpligtend om deur AROS te doen nie	Alle derdejaar studente	Werklike koste van kursus
Noodhulpsertifikaat – Verpligtend om Onderwyspraktyk module te slaag - nie verpligtend om deur AROS te doen nie	Alle studente – dit word aanbeveel dat die kursus in die vierde jaar van studie gedoen word	Werklike koste van kursus
Studente wat nie opdaag vir geskeduleerde praktiese assessering (kritles)	Alle studente wat nie opdaag nie	R300

5. BETALINGSVEREISTES

5.1 Betalingsdatums

5.1.1 Klasgelde

Datum	Persentasie klasgeld betaalbaar
31 Maart	Minstens 25%
31 Mei	Minstens 50%
31 Julie	Minstens 75%
30 September	100%

5.1.2 Ander gelde

Alle ander gelde wat op die studentegelde rekening gehef mag word, is betaalbaar binne 30 dae na datum van fakturering daarvan.

5.2 Beursstudente en studies gefinansier deur lenings

Indien ’n student se studies deur middel van ’n beurs en/of ’n lening gefinansier word, moet skriftelike bewys daarvan jaarliks tydens registrasie aan Afdeling: Finansies voorgelê word. Geen rekeningstate word direk aan die beurgewers of instansie by wie ’n lening aangegaan is, gestuur nie.

5.3 Alternatiewe betalingsmetode

Aros bied die alternatief dat die klasgeld in 8 maandelikse paaiemente vanaf einde Februarie tot einde September afbetaal kan word. ’n Skriftelike versoek om die klasgeld maandeliks te betaal moet by Afdeling: Finansies ingehandig word.

5.4 Studentegelde rekening

Teen einde Februarie word ’n volledige studentegelde rekening vir die akademiese jaar aan die student en/of die rekeningpligtige gestuur, afhangende van die voorkeurmetode van versending soos dit aangedui is in die aansoekvorm om toelating. Rekeningstate begin op die 1ste van die maand en eindig altyd op die laaste dag van die maand. Betalings na maandeinde sal eers op die volgende rekeningstaat verskyn.

5.5 Tweede semester registrasie

Voorgraadse studente wat slegs vir tweede semester modules wil registreer, moet voor of op 31 Julie registreer. Registrasiegeld soos onder paragraaf 4 hierbo is betaalbaar met registrasie en die klasgeld is betaalbaar in twee (2) paaiemente, synde minstens 50% van klasgeld voor of op 31 Augustus en die saldo klasgeld voor of op 30 September.

5.6 Vroeë vereffeningskorting

Indien die volle studiegelde voor of op 31 Maart betaal word, word ’n korting van 3% toegestaan indien daar aan **al die onderstaande vereistes voldoen word:**

5.6.1 Registrasie en ander gelde kwalifiseer nie vir korting nie;
5.6.2 Die klasgeld moet ten volle vereffen wees om te kwalifiseer;
5.6.3 Kortbetalings vir selfberekende korting sal in ag geneem word, maar foutiewe berekenings mag lei tot diskwalifikasie vir korting;
5.6.4 Geen toekomstige betalings (beurse en/of lenings) sal in ag geneem word nie;
5.6.5 Alle betalings wat teen 31 Maart op AROS se bankrekening reflekteer, sal in ag geneem word;
5.6.6 Korting is slegs van toepassing op die huidige jaar se klasgeld en is nie terugwerkend nie.

6. KREDIETBALANSE

Wanneer daar ’n krediet op ’n rekening ontstaan, kan daar op die voorgeskrewe vorm, wat by Afdeling: Finansies bekom kan word, aansoek gedoen word dat die kredietbedrag uitbetaal word met ’n elektroniese bankoorplasing. Geen krediet sal in kontant uitbetaal word en geen uitbetaling kan na kredietkaartrekeninge gemaak word nie

Waar kredietbedrae ontstaan weens betalings van beurse van buite AROS, sal die kredietbedrae slegs na voorlegging van die betrokke beurskontrak en skriftelike goedkeuring vanaf die beursgewer gemaak word.

7. GELDE BETAALBAAR IN GEVAL VAN KANSELLASIE/TERMINERING VAN STUDIES (STAKING VAN STUDIES)

Indien ’n student sy/haar studies geheel en al staak en/of sekere modules staak moet hy/sy die Registrateur **skriftelik** in kennis stel van sodanige besluit.

Studiegeld is soos volg betaalbaar indien ’n student sy/haar studies geheel en al staak en/of sekere modules staak. Dieselfde beginsel word toegepas waar AROS die student weens bepaalde redes skors of sy/haar studies termineer as gevolg van swak akademiese vordering:

Staak- termineringsdatum	Persentasie betaalbaar eerste semester modules	Persentasie betaalbaar tweede semester modules
Voor aanvang van akademiese week 1	0%	0%
Na akademiese week 1 en voor akademiese week 2	8.33%	8.33%
Na akademiese week 2 en voor akademiese week 3	16.67%	16.67%
Na akademiese week 3 en voor akademiese week 4	25%	25%
Na akademiese week 4 en voor akademiese week 5	33.33%	33.33%
Na akademiese week 5 en voor akademiese week 6	41.67%	41.67%
Na akademiese week 6 en voor akademiese week 7	50%	50%
Na akademiese week 7 en voor akademiese week 8	58.33%	58.33%
Na akademiese week 8 en voor akademiese week 9	66.67%	66.67%
Na akademiese week 9 en voor akademiese week 10	75%	75%
Na akademiese week 10 en voor akademiese week 11	83.33%	83.33%
Na akademiese week 11 en voor akademiese week 12	91.67%	91.67%
Na akademiese week 12	100%	100%

Die betaalbare gelde bereken ooreenkomstig die tabel hierbo, moet onmiddellik vereffen word. ’n Student wat AROS verlaat sonder om sy/haar studentegelderekening ten volle te vereffen, is aanspreeklik vir betaling van saamgestelde rente teen ‘n rentekoers gelykstaande aan die heersende prima uitleenkoers van Absa op die uitstaande bedrag, bereken vanaf die datum waarop hy/sy AROS verlaat het.

8. AGTERSTALLIGE GELDE

8.1 Algemene reëlings

Rente teen ‘n rentekoers gelykstaande aan die heersende prima uitleenkoers van Absa sal gehef word op bedrae wat nie op die betrokke datums onder 5.1.1 hierbo betaal is nie, welke rente gehef sal word vanaf die datum waarop die bedrae betaalbaar sou wees.

Indien enige gelde op 30 September onbetaald is en geen skriftelike betalingsreëlings met die Finansies Afdeling getref is nie, sal die uitstaande saldo met onmiddellike effek en sonder enige verdere kennisgewing terugbetaalbaar wees. Die uitstaande saldo sal rentedraend wees teen ‘n rentekoers gelykstaande aan ABSA se die heersende prima uitleenkoers minus 2%.

8.2 Remedies tot AROS se beskikking

Indien die gelde nie op die vasgestelde tye of op die tye soos andersins gereël, betaal is nie, kan AROS een of meer van die volgende maatreëls toepas:

8.2.1 Eksamenuitslae sal nie bekend gemaak word nie;
8.2.2 Geen akademiese rekords en/of gedragsertifikate sal uitgereik word nie;
8.2.3 Student sal nie toegelaat word om vir die volgende studiejaar te registreer nie;
8.2.4 Diploma- of graadsertifikate sal nie uitgereik word, maar deur AROS in veilige bewaring gehou word;
8.2.5 Student sal nie toegelaat word om sy/haar studies voort te sit nie (studies sal getermineer word);
8.2.6 Oorhandiging van rekening aan AROS se invorderaars of prokureurs vir invordering van die verskuldigde bedrag in welke geval die student en/of rekeningpligtige ook aanspreeklik sal wees vir rente en regskoste op prokureur- en eie kliënteskaal

Die student en/of rekeningpligtige stem toe tot die jurisdiksie van die Landdroshof indien AROS wel 'n aksie teen die student en/of rekeningpligtige wil instel, maar dit verhoed AROS nie om steeds 'n aksie of aansoek in die Hooggeregshof in te stel, indien AROS dit so sou verkies nie.

Alle rekenings aan AROS se invorderaars of prokureurs oorhandig vir invordering kan slegs by die invorderaar of prokureur betaal word. Aros ontvang geen geld ten opsigte van rekenings wat vir invordering aan die prokureurs oorhandig is nie.

9. FINANSIëLE STEUN

9.1 Akademiese merietebeurse

9.1.1 Nuweling akademiese merietebeurse

Hierdie beurse word outomaties toegeken aan alle eerstejaarstudente wat

(a) graad 12 in die voorafgaande jaar geslaag het of na graad 12 vir die eerste keer by AROS vir 'n eerste voorgraadse kwalifikasie registreer, en

(b) 'n rekeningkundige gemiddeld van 80% of hoër gedurende die graad 12-eindeksamen behaal eindeksamen behaal het. Die rekeningkundige gemiddeld word bereken deur die persentasies van die ses vakke met die beste persentasies bymekaar te tel en die totaal deur ses te deel. 10% word van vakpersentasies afgetrek vir enige/elke nie-aangewese vak en Lewensoriëntering word uitgesluit. Geen punte word afgerond nie.

'n Lys van aangewysde en nie-aangewysde vakke word in die tabel hieronder uiteengesit.

Erkende NSS vakke	
Aangewysde vakke	**Nie-aangewysde vakke (trek 10% af vir elkeen van hierdie vakke)**
Landbouwetenskap	Landboubestuurpraktyk, Landboutegnologie
Dramatiese kuns, Musiek, Visuele kuns	Dans, Ontwerp
Rekeningkunde, Besigheidstudies (Bedryfsekonomie), Ekonomie	
Een onderrigtaal plus twee (2) ander erkende tale	Vreemde tale

Erkende NSS vakke	
Aangewysde vakke	**Nie-aangewysde vakke (trek 10% af vir elkeen van hierdie vakke)**
Ingenieursgrafika en -ontwerp	Elektriese tegnologie, Meganiese tegnologie, Siviele tegnologie
Geografie, Bybelkunde, Geskiedenis	
Lewenswetenskappe, Natuurwetenskap, Inligtingstegnologie, Wiskunde, Wiskundige geletterdheid	Rekenaartoepassingstegnologie
Verbruikerstudies	Gasvryheidstudies (Hotelhouding), Toerisme

Student se berekende gemiddelde %	**Merietebeurs**
90% - 100%	50.0% van klasgeld
85% - 89%	25.0% van klasgeld
80% - 84%	12.5% van klasgeld

Verbeterde punte, na die hermerk van ‘n eksamenvraestel, sal in aanmerking geneem word mits dit teen 30 April by Administrasie (Besembos-gebou) ingehandig word. Merietebeurse word jaarliks op 30 April gefinaliseer en die onus rus op die student om die gewysigde NSS in te handig. Enige verhoging van die aanvanklike toekenning as gevolg van die hermerk sal slegs in ag geneem word na ontvangs van die aangepaste punte.

9.1.2 Senior akademiese merietebeurs

Akademiese merietebeurse word outomaties aan senior studente (tweede-, derde- en vierdejaars) toegeken wat geregistreer is en wat alle verpligte modules (addisionele modules uitgesluit) van die voorafgaande jaar geslaag het en ‘n gemiddeld van 75% en hoër behaal het. Geen punte word afgerond nie. Akademiese beurse word dus jaarliks toegeken op grond van die vorige jaar se prestasie. Geen toekennings word gemaak op grond van onderskeidings nie, slegs op grond van die vorige studiejaar se gemiddeld soos aangedui in die tabel:

Vierjaarprogram		Ses jaarprogram	
Gemiddeld %	Merietebeurs	Gemiddeld %	Merietebeurs
75% - 80%	12.5% van die klasgeld	75% - 80%	7.5% van die klasgeld
80% en hoër	20% van die klasgeld	80% en hoër	15% van die klasgeld

9.2 Leierskap-, sport-, kuns- en kultuurbeurse

9.2.1 Leierskapbeurs

‘n Eenmalige beurstoekenning aan eerstejaarstudente wat gedurende hul hoërskoolloopbaan die voorsitter (hoofseun/hoofmeisie) van die verteenwoordigende studenteraad (of soortgelyke leerlingdiensraad) was of bewese leiding geneem het op ander gebiede. Die student moet aansoek doen vir hierdie beurs en stawende bewyse moet die aansoek vergesel. Die waarde van die beurs is R2,000.

9.2.2 Redenaarskompetisie/Olimpiade

‘n Eenmalige beurstoekenning aan eerstejaarstudente wat gedurende hul hoërskoolloopbaan die streeks- of nasionale wenner was van enige redenaarskompetisie of olimpiade. Die student moet aansoek doen vir hierdie beurs en stawende bewyse moet die aansoek vergesel. Die waarde van die beurs is R3,000.

9.2.3 Sport (prestasie op internasionale- of nasionale vlak)

Die student moet aansoek doen vir hierdie beurs en stawende bewyse moet die aansoek vergesel. Die waarde van die beurs word bereken na gelang van die prestasie.

9.3 Beurse vir fisiese gestremdheid

Studente met ‘n degenererende fisiese gestremdheid en ‘n onlangse mediese sertifikaat (nie ouer as drie (3) maande nie) aanheg ter stawing daarvan, kan jaarliks aansoek doen vir hierdie beurs en ontvang 10% korting op die berekende klasgeld. Die beurs is slegs geldig vir die minimum duur van die kwalifikasie waarvoor in die eerste jaar geregistreer is (vier (4) of ses (6) jaar).

9.4 Wees- en pleegbeurse

Die beurs bied finansiële ondersteuning aan wees- en pleegkinders en beloop 20% van die berekende klasgeld. Die doodsertifikate van beide ouers, hofbevel vir plasing in pleegsorg of ‘n beëdigde verklaring deur die maatskaplike werker moet die aansoek vergesel. Die beurs is slegs geldig vir die minimum duur van die kwalifikasie waarvoor in die eerste jaar geregistreer is (vier (4) of ses (6) jaar).

9.5 Gesinsbeurse

Indien twee (2) of meer lede van dieselfde gesin gelyktydig aan Aros studeer, kan vir die beurs aansoek gedoen word. Die studente moet binne die minimum duur van die kwalifikasie waarvoor in die eerste jaar geregistreer is (vier (4) of ses (6) jaar) wees. Hierdie beurse word in vermindering van die berekende klasgelde aangewend en beloop soos in die tabel uiteengesit:

Twee (2) studente	12.5% van die klasgeld van elke student	Drie (3) studente	17.5% van die klasgeld van elke student
Vier (4) studente	22.5% van die klasgeld van elke student	Vyf (5) studente en meer	30% van die klasgeld van elke student

9.7. Aansoekproses en goedkeuring

Behalwe vir die beurse wat outomaties deur Aros toegeken word, moet, in alle ander gevalle, ‘n e-pos met die nodige stawende dokumente gestuur word aan studenterekeninge@aros.ac.za of marissa.bakker@aros.ac.za vir oorweging van die versoek.

Alle aansoeke om beurse, buiten die beurse wat outomaties deur Aros toegeken word, word na die Operasionele Bestuurder: Steundienste verwys vir goedkeuring.
Alle aansoekers sal skriftelik in kennis gestel word van die uitslag van sy/haar aansoek en indien nie suksesvol nie, rus daar geen verpligting op die Operasionele Bestuurder: Steundienste om redes vir die nie-goedkeuring van die aansoek te verstrek nie. Die beslissing van die Operasionele Bestuurder: Steundienste is finaal.